

Kriptogeld en Jan Taks

Die kriptogeldstelsel is tans 'n baie belangrike en omstrede onderwerp en as sodanig het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) sy aandag nou daarop gevestig.

Baie mense is gretig om deel van die kriptowêreld te wees en ván hulle word oornag kriptohandelaars.

Vir party is dit ekstra sakgeld terwyl ander tasbare waarde na hierdie platforms as deel van hul beleggings- en aftreebeplanning verskuif.

Vir hulle is dit verstandig om op hoogte te bly van hoe die SAID hierdie beleggings en transaksies sien.

Hoewel kripto nie as geldeenheid vir belastingdoeleindes geag word nie, word dit as 'n bate beskou en die SAID pas normale belastingsreëls toe.

Na aanleiding van hierdie reëls is kapitaalwinsbelasting en boedelbelasting van toepassing.

Kapitaalwinsbelasting

Die onus rus op die belastingbetaler om alle kripto-verwante belasbare inkomste te verklaar, onder meer kapitaalwins, in die jaar waarin dit ontvang word of opgehoop het.

Winst mag as kapitaal van aard beskou word ten opsigte van belasting, soos uiteengesit in die agtste bylae by die Inkomstebelastingwet vir belasting onder die paradigma van kapitaalwinsbelasting.

Dit geld ook tydens afsterwe omdat jy geag word as iemand wat van al jou bates ontslae geraak het op die datum van afsterwe en sodoende 'n kapitaalwinsbelasting-gebeurtenis geaktiveer het.

Boedelbelasting

Omdat die SAID nie die kriptogeldstelsel as 'n geldeenheid soos die Rand beskou nie, maar eerder as eiendom, sal dit as 'n bate vir boedelbelastingdoeleindes in jou boedel hanteer word.

Dit is egter net moontlik indien jou eksekuteur bewus is van die kriptogeldeenhede wat jy besit.

Neem in ag dat die kriptogeldstelsel, sowel as die manier waarop jy eienaarskap van die kriptogeldeenhede neem, anoniem van aard is.

Dit is dus feitlik onmoontlik vir jou eksekuteur om jou kriptogeldeenhede op te spoor en daarvan rekenskap te gee indien dit nie onder sy/haar aandag gebring word nie.

Iets om oor na te dink wanneer jy met kriptogeld werk:

- Wat is die veiligste manier om die “sleutel” van jou kriptogeldeenheid se beursie te bewaar om die veiligheid daarvan te verseker, maar ook sodat jou beoogde erfgenaam toegang daartoe het indien daar iets met jou gebeur?
- Wat is die toekoms van “digitale nalatenskap” en hoe kan jy daarvoor voorberei?
- Hoe vergelyk jou digitale boedelbeplanning met jou fisieke bates wat in jou testament gelys is?

Maak seker jou verskaffer van testamente en boedels het hul vinger op die pols en werk aan 'n oplossing met betrekking tot jou kriptobates ten tyde van boedelberedding, wat gemoedsrus aan erfgename sal voorsien.

Deur Kenrick Newport – Capital Legacy